TUKS DRAMADEPARTEMENT 1971 -1973

Omdat ek reeds drie jaar BSc agter die rug gehad het, was ek ouer as die ander eerstejaars en dis seker hoekom hulle my as klasleier aangewys het. Saam met my tot aan die einde van ons derdejaar was Alwyn Swart (regisseur by *7de Laan*) en Lucas Maree wat later baie bekend geword het as sanger. Die dames was Judi van Eeden (nou Rebstein), Esther Nasser (later Artistieke Direkteur van TRUK se dansgroep), Bett Hoon (nou Dr Pacey by TUT Drama), Mary Vasiliou, Carinda Janse van Rensburg, Arauna de Villiers, Marietjie Botha, Annatjie Pieterse, Anna de Villiers, Gerda Kieser, Ronel Visser (nou Sevior) en Anica Louw.

Die hoof van die department was toe steeds prof Geoff Cronjé en dit was die afskeidsjaar van prof Anna Neethling-Pohl. Ons lektore was mnre Hannes Horne, Neels Hansen, Fred Steyn en me Sunette de Villiers (later Hugo).

In ons eerstejaar is Bertolt Brecht se *Moeder Courage en haar kinders* aangebied olv Hannes Horne juis as afskeid vir Anna N-P in die naamrol. Die eerstejaar mans was gelukkig genoeg om deel te wees daarvan. Vroeër in die jaar was ek ook deel van *Die Diepe Reg* (NP van Wyk Louw) wat sy afgerig het. Ons eerstejaarproduksie in Oktober was *Ek Onthou vir Mamma* (John van Druten) olv Hannes Horne.

In ons tweedejaar was ek weer so gelukkig om deel te wees van die derdejaars se produksie *Doña Rosita* (Federico Garcia Lorca) wat Hannes Horne afgerig het. Ek was die jong seun. Ons groot tweedejaarsproduksie was vir Fred Steyn – Terrence Rattigan se *Separate Tables* vertaal as *Alleensaam*.

In ons derde jaar het prof Louw Odendaal oorgeneem as hoof van die dept. René Tredoux het ook vir ons klas gegee en Hans Nel was lektor in kostuum- en dekorontwerp. Ons het die produksies *So Kom Ons*

Om (*Jeu de Massacre* van Eugene Ionesco) waaraan die tweedejaars ook deelgeneem het, *Sganarelle* en *Die Geleerde Dames* (Molière) gedoen vir Hannes Horne, ’n voordrag- en bewegingsprogram vir Sunette de Villiers en *Die Pad van Suid-Afrika* (Langenhoven) waarvoor Anna Neethling-Pohl spesiaal teruggekom het. Haar mederegisseurs was Milla Louw en Sunette de Villiers. Teen hierdie tyd het Carel Trichardt begin klasgee en hy was deel van die produksie. Ons het die jaar afgesluit met sy produksie van *Die Silwer Fluitjie* (kinderteater) waarna die oudisies vir die Streekrade en die eksamen gevolg het.

Wim Vorster